Bybel vir Kinders

bied aan

Dawid die Skaapwagter

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Lank gelede in die dae van Koning Saul van Israel, 'n seun met die naam Dawid het sy sewe broers gehelp sy pa se skape oppas. Alhoewel hy die jongste was, was Dawid baie sterk en braaf. Hy was lief vir God en het Hom vertrou. Hy het in die stad Betlehem gewoon.



Een keer het 'n leeu die skape aangeval om 'n lammertjie te vang vir ete. Jong Dawid het die leeu aangeval. Hy het die lammetjie weg geruk en die grommende leeu aan sy baard geruk en dood gemaak. Dawid het geweet dat God hom gehelp het.

Samuel, God se profeet was nog hartseer dat Koning Saul God gefaal het. "Hoe lank gaan jy treur oor Saul?" het God geraas. "Ek stuur jou na Isai ... Ek het vir My 'n koning gekies tussen sy seuns." Isai was Dawid se vader.

Samuel het geweet Koning Saul kan hom dood maak as hy gaan om 'n ander koning te soek, maar hy was gehoorsaam aan God.

Met Samuel se aankoms het Isai sewe van sy seuns aan Samuel gewys. Samuel sê aan Isai, "God het nie een van hierdie gekies nie." Daar was net Dawid, die jongste oor. Hy was besig om skape op te pas. Hulle het vir Dawid gebring en die HERE sê "Staan op, salf hom; want hy is die een."

In Saul se paleis het die Gees van die HERE Saul verlaat en hy was soos 'n waansinnige. Sy slawe het gedink goeie musiek sal hom kalmeer. Een van hulle het 'n jong man geken wat die harp gespeel het. Kan julle raai wie dit was? Ja dit was Dawid.

Dawid se musiek het Saul rustig gemaak en gehelp dat hy reg dink. Saul het Isai gevra of Dawid in die Koning se diens kan bly. Wanneer Saul depressief of bang was het Dawid vir hom gespeel en dit het hom rustig gemaak.

Dawid het huis toe gegaan en Saul het 'n groot geveg gehad met die Fillistyne. Dawid se broers was van Saul se manskappe. Isai het vir Dawid na die slagveld gestuur om vir sy broers kos te vat en uit te vind hoe dit met hulle gaan.



'n GROOT Fillistynse reus, Goliat het die Israelitiese soldate bang gemaak.

"Kies self 'n man en laat hy hier hierheen kom!" het Goliat geskree. "As hy teen my veg en my verslaan, dan sal ons julle slawe wees, maar as ek hom dood maak sal julle ons slawe wees." Al die mans van Israel het gevlug toe hulle die reus sien en was verskriklik bang.

Dawid sê aan Saul, "'n Mens moenie oor hom moedeloos word nie, ek sal gaan en teen die Fillistyn veg." Saul het sy uitrusting vir Dawid gegee om te dra. Inplaas daarvan het Dawid net sy slingervel geneem en vyf gladde klippies in die spruit gekry.



Goliat het gelag toe hy jong Dawid sien wat nie eens 'n wapenrusting dra nie. "Ek sal jou vlees gee aan die voëls van die lug en die ongediertes van die veld!" skree hy. "Ek kom na jou toe in die naam van die HERE!" antwoord Dawid. "Vandag sal die HERE jou in my hand gee ... want die stryd is die HERE sin."

Dawid het reguit na Goliat gehardloop. Terwyl hy so hardloop slinger hy 'n klippie – reguit in Goliat se voorkop. Goliat val neer!

Dawid het vinnig Goliat se groot swaard geneem en sy kop afgesny. Toe die Fillistyne sien Goliat is dood het hulle gehardloop vir hul lewens.



Koning Saul het nie onthou dat dit dieselfde Dawid was wat hom kalmeer het met die harp nie. Hy het Dawid in beheer gesit van sy lëer – hy het jaloers geword wanneer die mense Dawid geëer het met sy oorwinnings. "Wat meer kan hy nog kry as my koningkryk?" het Saul gedink. Saul het Dawid fyn dopgehou vanaf die dag.





Koning Saul was egter weer bedruk. Dawid het musiek gemaak om te probeer om hom te kalmeer. Drie keer het Saul sy spies na Dawid gegooi, maar dit het Dawid elke keer gemis.

Saul was bang vir Dawid want hy het geweet die HERE is met hom en het Saul verlaat.



Jonathan, Saul se seun, was lief vir Dawid soos 'n broer. "My vader Saul wil jou dood maak." Het hy Dawid gewaarsku. Dawid het weggegaan. Sy vrou het 'n afgodsbeeld in sy bed gesit en Dawid deur die venster laat afsak in die middel van die nag. Saul se manskappe het in die oggend gekom maar Dawid was weg.

Dawid moes ver weg vlug van Saul af. Hy en Jonatan het 'n belofte aan mekaar gemaak. Hulle het belowe om altyd mekaar te help. Hartseer het die twee vriende totsiens gesê. Dawid het gegaan om 'n plek te vind waar hy kan woon sonder om bang te wees Saul se soldate kry hom.

Dawid die Skaapwagter

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

1 Samuel 16-20

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16